[Gewerf deur: …… Tel: ……..] Kantoorgebruik Rek.: ☐

☎: (018) 294 6504
FAKS: 086 552 3635
E-pos: moria@moriatuisskool.co.za
www.moriatuisskool.co.za

Moria* Tuisskoolmateriaal

✉ Posbus 5594
Kockspark
POTCHEFSTROOM
2523

2020 REGISTRASIEVORM - Boeke (Voltooi jaarliks 'n nuwe vorm)

1. GEBRUIK 'N DONKER SWART PEN EN HOOFLETTERS (BLOKLETTERS) OM DIE VORM IN TE VUL.
2. E-pos of faks bladsy 1 en 2 na bo-staande faksnommer terug, saam met die bank inbetaalstrokie! U van en kinders se grade is die bankverwysing.
3. Lees eers die jongste brosjure, vir die korrekte vakkeuses vir hoërskoolvakke en vir die korrekte pryse.
4. Alle korrispondensie geskied per e-pos. Laat weet dadelik indien u e-pos verander het, en hou daagliks u e-pos dop!!!

Datum vandag:	.....	Vir watter akademiese jaar registreer u kinders nou?:	20.....

INLIGTING VAN OUERS (Gebruik blokletters):

	Titel	Van	Volle Name	ID nommer	Noemnaam
Voog (Vader)					
Moeder					

Posadres:…… Poskode:……

Straatadres – vir koerier aflewering:…… Poskode:……

Posadres by die werk: …… Poskode:……

Tel (Huis) ..... Tel (Werk): ..... Sel (moeder) ..... Sel (vader) .....

(Faks): ..... "Fax2email" ..... E-pos adres (**verpligtend**): ……

Vader se beroep: ……Tel. no.van naasbestaande: ..... **Alle korrespondensie geskied per e-pos!!**

INLIGTING VAN KINDERS: Registrasie "Bedrag betaalbaar", sien brosjure. **Herregistrasie** -- is wanneer 'n kind 'n ouer broer se ou Moriaboeke weer gebruik, of 'n vorige akademiese jaar herhaal, maar by Moria herregistreer ter wille van eksamens, ens. (sien brosjure). Gewaarmerkte kopie van elke kind se ID moet aangeheg word.

Kind se **Van**, dan alle **doopname** (Bv. Pretorius, Jan Andries)	Noem-naam	**Geslag** (M/V)	**ID nommer**	**Graad** (waarvoor nou registreer)	Indien **Her-registrasie** merk met **X** (Sien bo)	**Bedrag betaal-baar (R)**
1.						
	Gestremdheid? J / N		Is kopie van ID aangeheg?	Ja / Nee	Immigrant? J / N	
2.						
	Gestremdheid? J / N		Is kopie van ID aangeheg?	Ja / Nee	Immigrant? J / N	
3.						
	Gestremdheid? J / N		Is kopie van ID aangeheg?	Ja / Nee	Immigrant? J / N	
** Kontanthanteringsfooi (2% van TOTAAL)*						
					Pos, hantering + verpakking	400.00
**** NB! Indien u kontant inbetaal, moet u ekstra inbetaal a.g.v. bank-hanteringsfooi. Betaal dus eerder in per tjek, oorplasing in u bank of per internet.***				Vere*f:*	***TOTAAL*** (voltooi asb.)	

Het u kinders toegang tot minstens 'n Pentiumrekenaar tuis? (omkring u antwoord)	Ja / Nee	Bedrag inbetaal by bestelling?:	R
Gaan u in **Augustusmaand** registreer vir November-eksamen (gr.1-11)?	Ja / Nee	**Datum betaal?:**	

KEUSEVAKKE: Sien inligting oor vakkeuses in die Brosjure. **Graad 8 + 9 (2 vakke):** Landbouwetenskap, Rekeningkunde, Bedryfsekonomie, Rekenaartegnologie, Tegniese tekeninge, [Ekstra koste: Duits, Frans, Bybelse Hebreeus en/of Grieks] **Graad 10 - 12 (4 vakke):**

Kind: van + voorletters (Graad 8 -11)	graad	**Keusevakke gekies**: (2 Vakke vir graad 8 + 9, en 4 vir graad 10 – 12, Wiskunde ingesluit)

Van + voorletters (Graad 6 – 7)	graad	Watter **swarttaal** is verlede jaar gedoen & hoeveel jaar is in dié taal voltooi? Indien nie 'n swarttaal gedoen nie, skryf "geen", en dan die swarttaal wat u nou verkies.

Mag ons u telefoonnommer vir ander tuisskoolouers naby u verskaf indien hulle hulp benodig? (omkring u keuse)											JA	NEE
Watter **grade** is reeds **by Moria Tuisskool** reeds afgehandel of tans besig? (omkring u keuse)	Geen	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

Vervolg p. 2 / ……

Waar het u die eerste keer van Moria gehoor?:……..……..……..……

BETAAL PROSEDURE:

*Vul die volgende inligting met 'n swart pen op die bank deposito-strokie se ruimte vir "deposito verwysing" in: U **naam** en die besonderhede waarvoor die geld inbetaal is, soos die **graad** van die boeke wat u bestel. Sorg dat die duplikaat strokie wat die bank aan u teruggee, duidelik geskryf is. Faks dan die bankstrokie saam met hierdie registrasievorm (2 bladsye) dadelik terug aan ons. Indien u paaiemente deur die jaar wil afbetaal, skakel Moria Tuisskoolmateriaal sodat die paaiemente en rente vir u uitgewerk kan word en ons 'n kredietaansoekvorm aan u kan faks. Vooruitgedateerde tjeks word vereis vir die betaling van die paaiemente. Wanneer u boeke bestel en betaal het, bestee ons u geld onmiddelik om u bestelling te kan uitvoer.*

Bankbesonderhede van Moria Tuisskoolmateriaal:
Tjekrekening van "Moria Tuisskoolmateriaal", ABSA-bank Potchefstroom, Rekeningnommer: **0104 1410 244** Takkode: 632005

Voltooi asseblief die onderstaande onderneming, en faks die twee bladsye terug aan ons by die nommer soos in die briefhoof, waarna ons eers die materiaal aan u sal kan pos.

***ONTHOU:* ALLE KORRISPONDENSIE GESKIED PER E-POS. LAAT WEET DADELIK INDIEN U E-POS VERANDER!**

ONDERNEMING (Kontrak)

Die materiaal wat deur ons ontwikkel is, word ten volle beskerm onder die "Wet op Outeursreg", wet no. 98 van 1978 soos gewysig deur Wet no. 56 van 1980. Dit mag onder GEEN omstandighede aan staatskole, privaatskole wat staatsubsidie ontvang, privaatskole, onderwys-sentrums, nasorgsentrums ander tuisskoolouers, kerkskole of **enige** opvoedkundige instansie of opvoedkundige hulpinstansie of aan enige iemand anders beskikbaar gestel word nie, hetsy deur kopiëring deur uself, of deur 'n ander party in sodanige posisie te plaas dat kopiëring deur hom/haar kan plaasvind nie. Geen gedeelte van enige boek mag gereproduseer, in 'n inligtingstelsel bewaar, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, fotokopiëring, plaat- of bandopnames of andersins. Regstappe sal teen oortreders geneem word. Daar mag ook GEEN kopieë van enige werkkaarte gemaak word nie. 'n Tweede leerling uit dieselfde gesin moet deur ons van die nodige werkkaarte voorsien word. Verder mag geen "Moria Publikasie" waarvan Moria Tuisskoolmateriaal die outeursreg hou, deur enige kliënt **verkoop word** nie. Die rede vir hierdie maatreël is eenvoudig om te verseker dat Moria 'n diens aan ons Christen Afrikanervolk op die langtermyn volhoubaar sal kan lewer. Geen boeke wat u by Moria Tuisskoolmateriaal aangekoop het, word weer deur Moria Tuisskoolmateriaal by u teruggekoop nie. Indien 'n bestelling foutief gelewer is, moet u telefonies **en** skriftelik van Moria magtiging kry om dit terug te stuur. U sal ook verplig wees om volgens hierdie ooreenkoms, die betrokke foutiewe items binne twee (2) weke na ons die items aan u versend het, aan ons terug te stuur. Enige gelde wat Moria ooreenkom om aan u terug te betaal by kansellasie van u bestelling voor lewering daarvan, sal eers terug betaal kan word wanneer die produkte wat u daarvoor sou ontvang het, weer verkoop is (na 10% hanteringsfooie afgetrek is). Dit is elke ouer se **eie verantwoordelikheid** om jaarliks in Julie 'n eksamenregistrasie-vorm van Moria aan te vra indien hulle dit nog nie per pos ontvang het nie.

As gevolg van eksamen-administrasie sal geen boeke versend word vanaf 15 September tot 20 Desember nie. U is egter steeds welkom om so vinnig moontlik die transaksie af te handel en u registrasievorms aan ons te faks om eerste gehelp te word wanneer ons weer boeke begin versend

TUISONDERWYS WETGEWING: Moria Tuisskoolmateriaal is nie 'n skool nie maar 'n Uitgewery van 'n onderwyskurrikulum wat pakkette bemark, akademiese hulp gee en ook assessering doen. Die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir suksesvolle voltooiing en die korrekte standaard en vereistes van onderwys van hulle kinders, berus volgens Wet dus by die ouers en nie by Moria Tuisskoolmateriaal nie. Vir ouers **verplig Wetgewing** onder andere die volgende: 1) Hou 'n register van watter dae kinders onderrig was. 2) Hou rekord van 'n portfolio van alle skriftelike werk gedoen, kwartaallikse toetse en -eksamens geskryf en enige ander buitehuis onderwys hulp gebruik. Bewaar rekords totdat die kind nie meer skoolpligtig is nie, aangesien onderwysdepartementele inspekteurs mag vra dat u dit aan hulle voorlê. 3) Kinders moet minstens einde graad 3, 6 en 9 asook grade 10 tot 12, ekstern geëksamineer word (sien voorskrifte vir assessering in ons "Tuisonderwyshulp" brief wat u saam met die boeke ontvang). Die evalueringsverslag moet toon of hulle die werk bemeester het.

Laastens, ons doen ons bes om u onderrigmateriaal so gou moontlik te lewer. Die uitsonderlike aard van ons materiaal bring egter mee dat dit nie altyd betyds beskikbaar is nie. Ons vra asseblief geduld. Voltooi dadelik alle werk in die boeke wat u dadelik ontvang, sodat indien 'n boek byvoorbeeld 1 maand neem om deur te werk, u selfs 2 maande voor die eind-eksamen die laaste boek kan ontvang (dit behoort darem nie só laat te wees nie). U onderneem dan om in hierdie verband nie ongeskik en/of beledigend te raak nie, want dan sal ons paaie moet skei.

C.J. de Villiers (namens Moria Tuisskoolmateriaal.)

Ouer/voog voltooi:

Ek, ... (volle voorname en van) ……(ID.no.), kliënt van Moria Tuisskoolmateriaal en vader/voog van die kind/ers …….. , verklaar hiermee dat ek die dokument hierbo gelees het, ten volle begryp en daartoe instem. Ek verklaar dat ek nie onbillik forseer is om hierdie onderneming te teken nie en onderneem om my by die bepalings soos hierbo uiteengesit te hou en my onder geen omstandighede aan die skending of oortreding daarvan skuldig te maak nie.

Geteken op .....(dorp), op hierdie ..... dag van ..... (maand) 20 .....

..... Getuie 1: .....

Handtekening (Tuisonderwysouer/-voog) Getuie 2: .....

Baie welkom by die Moria - familie !!*

* ***Moria beteken, "Deur die Here voorsien"***